

Discussion/Bespreking

Die verskillende rolle van veralgemenings in die natuur- en geesteswetenskappe – kommentaar op Leon Strydom se “Tipologie van veralgemenings in die literatuurwetenskap”

Wietske Kistner

Opsomming

In hierdie bespreking argumenteer ek dat Leon Strydom in sy artikel oor die rol van veralgemenings in die literatuurwetenskap nalaat om met die verskillende aard van die natuur- en die geesteswetenskappe rekening te hou.

Summary

In this discussion I argue that Leon Strydom's paper on the use of generalizations in literary theory shows a failure to take account of the essential distinction between the natural and the human sciences.

In sy artikel “'n Tipologie van veralgemenings in die literatuurwetenskap” (TLW 2(3), p. 14-25) streef prof. Leon Strydom daarna om bekende natuurwetenskaplike metodologiese beginsels ook in 'n geesteswetenskap toe te pas. Ek meen daarenteen juis dat 'n belangrike onderskeiding tussen natuur- en geesteswetenskaplike metodes gemaak behoort te word.

In die filosofie van die natuurwetenskappe (Chalmers 1982; Radnitzky & Andersson 1978, Introduction; Richards 1983, Hst 4) het ons verskeie metodologiese modelle: bv. die induktiewe model, wat beskrywings van feite beskou as premisse waaruit veralgemenings afgelei word (J.S. Mill); die hipoteties-deduktiewe model (Popper), wat by veralgemenings (hipoteses) begin en daaruit feitebeskrywings aflei; en die paradigmamodel (Kuhn), wat feite en veralgemenings saamsnoer tot 'n geheel waaruit hulle nie losgemaak kan word nie. Die outeur hou origens sy modelle nie bevredigend uit mekaar nie. Eerstens beskryf hy die induktiewe en hipoteties-deduktiewe modelle as “uiterstes op 'n kontinuum” (p.15). Indien dit so is, wat het ons dan in die middel tussen die uiterstes: 'n gekyktydige aanname van premisse en konklusies, in die hoop dat dit toevallig 'n rasonale samehang sal vertoon? Dan, hoewel daar sprake is van empiriese toetsbaarheid en voorspelbaarheid (p.19), word dit implisiet teëgespreek deur verwysing na elemente van interpretasie (p.17) en kommunikasie (p.20), wat in heeltemal ander modelle tuishoort. Dit hang o.m. saam met die verskil tussen die geestes- en die natuurwetenskappe.

Die verskil waarna ek verwys, en wat veral deur geesteswetenskaplikes soos Dilthey, Schutz, Winch, Apel en Habermas beklemtoon word, is 'n *logiese* verskil. Dit beteken dat dit nie, soos verskille wat op grond van

metafisiese, godsdienstige of empiriese gronde beredeneer word, summier met 'n beroep op 'n ander raamwerk tersyde gestel kan word nie: logiese gronde is, alans in die Westerse wetenskappe, algemeen geldig.

Stene, sterre of blomme het nie 'n eie siening van hul situasie nie, en hulle kommunikeer nie met mekaar of met enige waarnemer nie. Mense daarenteen *konstitueer* of interpreteer hul situasies en hulle *kommunikeer*. Hierdeur kry ons die vereiste van 'n dubbele verstaan: die navorser in die geesteswetenskappe het nie slegs sy eie siening van 'n situasie nie, hy moet ook sy subjekte se siening van 'n situasie verstaan. Bv. Opperman sien die interpretasie wat mense vanouds aan die ster van Betlehem gegee het, en gee vir ons sy eie konstitusie van die ou siening, wat dus deur sy leser ook weer verstaan moet word: dus die digter se interpretasie sowel as die oorspronklike. Ons het hier dus iets soos Schutz (1967 p.59) se “constructs of the second degree”, konstruksies van konstruksies. Die geesteswetenskappe se struktuur is in die opsig anders, meer ingewikkeld, as die van die natuurwetenskappe. Dit wil nie sê dat natuurwetenskaplike – of liever, alledaagse – metodes, soos waarneming en die gebruik van veralgemenings, nie in die geesteswetenskappe ter sake is nie, maar hulle speel 'n ander rol.

Die gevolg van die tussenkoms van die faktore van konstitusie en kommunikasie is dat feite, en die verhouding van feite tot teorieë, in die geesteswetenskappe 'n ander plek inneem as in die natuurwetenskappe. Die navorser in die geesteswetenskappe moet bv. sy publiek spesiaal van die bestaan en die waarde van sy feite oortuig. Wat beteken “die feit” dat sekere leerlinge swak vaar in skole? Is dit so dat die leerlinge 'n tekortkoming het (bv. gebrekkige beheersing van die amptelike landstaal), of is dit die geval dat die samelewing waarin die skole bestaan, tekortkomings het (soos verkeerde doelstellings)? Met ander woorde: is dit 'n feit dat daar iets met die *leerlinge* skort, of is dit 'n feit dat daar iets met die *skole* (die samelewing) skort? Voordat hier enige empiriese navorsing gedoen word, moet eers 'n identifisering van die situasie plaasvind. Dit is anders moontlik dat kwantitatiewe metodes en induksie totaal verkeerd aangewend word, of toegepas word op triviale gegewens wat wetenskaplik onbelangrik is.

As ons nou verder kyk na Strydom (p.16) se bespreking, kan ons vra hoe belangrik die veralgemening is dat in die poësie presentasie van tyd deur middel van grammatikale en tematiese aanduidings plaasvind. Is dit nie maar 'n konvensie van ons algemene taalgebruik nie? Wat ons hier wil weet, is welke rol die tydsaanduiding in Opperman se “Kersliedjie” speel. As ons dit met bv. Elisabeth Eybers se “Herinnering” en met Van Wyk Louw se “Beiteltjie” vergelyk, kan ons sê dat vir Opperman die tydsgebruik vanself volg uit die dit-het-onlangs-gebeur verhalende vorm wat die digter (weer vir sekere redes) gekies het. Ook sou ek wou sê dat die weglating van “het” uit strofes II, V, VI en VII 'n gevolg van normale sametrekking is (vergelyk vers 1-2: “het . . . die ster gesien en [het] die engel geglo”). Die funksie van die weglating het dus nie noodwendig met die faktor tyd te doen nie, maar eerder met die kontinuïteit van die vertelling. Wat ek wil stel, is dat dit hier nie soseer die *veralgemening* is waarop die klem val nie, maar die regverdiging van die keuse van die feite wat bespreek word, en dit beteken weer dat daar 'n

interpretasie van die situasie aan die leser aangebied moet word. In die geesteswetenskappe val die klem altyd op interpretasie.

Die interpretasie van 'n situasie kan op sy beurt geregverdig word deur verwysing na 'n groter konteks, na veralgemening as u wil, maar dit neem dan die vorm aan van gewoonlik implisiete verwysing na konvensies en algemene reëls in die taal en in teksstudies; bv. ons vermoë om Opperman se gedig te interpreteer omdat ons die Bybelverhaal en die konvensies daaromtrent ken; ook, omdat ons met die Suid-Afrikaanse agtergrond van die gedig vertrou is.

Die veralgemening speel dus in die literatuurwetenskap 'n ander rol as in die natuurwetenskappe. Afleiding is ook nooit op grond van kousaliteit nie. Kousaliteit, soos deur die outeur (p.18) bespreek word, behoort in die literatuurteorie nie tuis nie. Ons verklaar 'n verskynsel deur dit in 'n groter raamwerk te plaas. Dit kan die raamwerk van oorsaaklikheid wees, maar dié raamwerk is slegs op sy plek waar die konteks nie die menslike gees of geestesprodukte insluit nie – dus slegs in die natuurwetenskappe. (Winch 1958 p. 80-94). In die geesteswetenskappe gaan dit om betekenis en kommunikasie, en hier gebruik ons eerder die raamwerk van reëls en konvensies, van disposisies, bedoelings en verstaan. Dit is moontlik om die klanke wat 'n persoon uiter, *kousaal* te verklaar, maar wanneer ons dit sien as 'n *taaluiting* moet ons 'n beroep doen op algemeen bekende kommunikasie- en logikareëls, nie op natuurwette nie.

Samevattend: die rol van feite en veralgemenings in die geesteswetenskappe verskil essensieel van die rol wat feite en veralgemenings in die natuurwetenskappe speel. Dit is juis dié gedagte wat ek in professor Strydom se artikel mis.

Verwysings

- Chalmers, A.F. 1982. *What is this thing called science?* 2nd ed. Milton Keynes: Open University Press.
- Radnitzky, G. & Andersson, G. 1978. *Progress and rationality in science*. Dordrecht: Reidel.
- Richards, S. 1983. *Philosophy and sociology of science*. Oxford: Blackwell.
- Schutz, A. 1967. *Collected papers*, vol. 1. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Winch, P. 1958. *The idea of a social science*. London: Routledge & Kegan Paul.